**3. <u>AKADEMIESE BELEID</u>**

- ⇨ Aan einde van elke kwartaal word ons akademiese toppresteerders aangekondig, m.a.w.:
  Gr. 8 + 9 → gemiddeld bo 85%
  Gr. 10 → gemiddeld bo 80%
  Gr. 11 → gemiddeld bo 75%
  Gr. 12 → gemiddeld bo 70%

- ⇨ Die Top 10-leerders in elke graad ontvang ook dan 'n "Top-10"-metaalbalkie om die kwartaal te dra.

- ⇨ Die akademiese toppresteerders se name verskyn op d6/weeklikse brief, sodra hul aangekondig is.

- ⇨ NB: Leerders wat gr. 10 – 12 Wiskundige Geletterdheid het, se gemiddeld word met 5% verminder as Top 10-akademiese toppresteerders aangekondig word.

- ⇨ Vir die akademiese prysuitdeling, aan die einde van die akademiese jaar, ontvang 'n leerder 'n toekenning vir die jaar se werk. Akademiese toekennings bou nie op na 'n volgende jaar nie. Toekennings word as volg toegeken – op 'n leerder se finale jaarpunt.

| | Graad 8 | Graad 9 | Graad 10 | Graad 11 | Graad 12 |
|---|---|---|---|---|---|
| Erekleure | 95% | 90% | 85% | 80% | 75% |
| Prestasiebalkie (lap) | 90% | 85% | 80% | 75% | 70% |
| Goud | 85% | 80% | 75% | 70% | 65% |
| Silwer | 80% | 75% | 70% | 65% | 60% |

- ⇨ Elke kwartaal sal daar saam met die Akademiese Toppresteerders ook aangekondig word wie die Top 3-presteerders in elke vak per graad is, asook as 'n leerder se gemiddeld vanaf die vorige kwartaal 'n 5%-verhoging getoon het.

- ⇨ Elke graad se Top 10-leerders word aan die einde van 'n jaar beloon met 'n uitstappie/toer, afhangende van Covid.

**4. <u>SPORTOEFENINGE HIERDIE NAWEEK (SATERDAG, 5 FEBRUARIE 2022)</u>**

**Netbal:** Daar is Saterdag netbaloefening vir alle ouderdomsgroepe vanaf 07:00 – 08:30. Die O/14-meisies oefen tot 09:00.
**Hokkie:** Daar is Saterdag hokkie-oefening vir al die spanne van 07:00 tot 09:00.
**Rugby:** Daar is Saterdag rugby-oefening vir al die spanne vanaf 07:30 tot 09:30.

Ons wens elke ouer en leerder 'n geseënde naweek toe.

Fochiegroete